



Ons leme radikaal anders ter mille van ander

11 Januarie 2017

Beste 2017-matrikulant

IN SAKE: Belydenisafleggingsproses vir 2017

In die eerste plek wil ons julle baie sterkte toewens vir julle laaste skooljaar. Ons bid dat dit vir julle 'n jaar van groot opwinding, baie pret, nuwe *memories* en harde werk sal wees. Dit is my en Wikus Botha se voorreg om julle vanjaar te begelei in die laaste fase van julle kategese by NG Pretoria-Oosterlig.

Daar is drie geleenthede waarby julle vanjaar Belydenis van Geloof kan aflê - sien datums hieronder. Jou aansoek moet voor die sluitingsdatum vir die Belydenisaflegging by die kerkkantoor ingehandig word of elektronies aangestuur word.

Jou aansoek moet bestaan uit:

- (1) Persoonlike inligting (Naam, voorletters en van, geboortedatum, skool, ens.)
- (2) Doopinligting - waar en wanneer is jy gedoop?
- (3) Beantwoording van die volgende vrae:
 - * Waarom wil ek Belydenis van Geloof aflê?
 - * Beskryf jou verhouding met die Here?
 - * Wat maak jou opgewonde in jou verhouding met die Here?
 - * Wat dra by tot jou geestelike groei?
- (4) 'n Brief van jou ouers waarin hulle beskryf hoe hulle jou verhouding met die Here in die huis beleef.

Nadat jou aansoek ingehandig is, moet jy met Anton 'n afspraak maak vir 'n persoonlike gesprek.

Dis jou eie verantwoordelikheid om die afspraak te maak.

Geleentheid 1:

Sondag, 5 Maart 2017 tydens die aanddiens om **17:30**.

Sluitingsdatum: **Maandag, 13 Februarie 2017**.

Datums vir gesprekke: **Dinsdag, 28 Februarie 2017 & Woensdag, 1 Maart 2017** vanaf 14:00-19:00.



Geleentheid 2:

Sondag, 28 Mei 2017 tydens die eerste oggenddiens om **08:30**.

Sluitingsdatum: **Maandag, 8 Mei 2017**.

Datums vir gesprekke: **Dinsdag, 23 Mei 2017 & Woensdag, 24 Mei 2017** vanaf 14:00-19:00.

Geleentheid 3:

Sondag, 13 Augustus 2017 tydens die tweede oggenddiens om **10:15**.

Sluitingsdatum: **Maandag, 24 Julie 2017**.

Datums vir gesprekke: **Maandag, 7 Augustus 2017 & Dinsdag, 8 Augustus 2017** vanaf 14:00-19:00.

Vra asseblief jou ouers om vir jou 'n teksvers te kies wat voor die boekie wat jy tydens die Belydenisgeleentheid gaan ontvang, gesit sal word – handig dit asseblief saam met jou aansoek in.

Stuur asseblief ook 'n duidelike kleurfoto van jouself in elektroniese formaat (JPEG of die kamera se formaat – nie in 'n dokument ingetrek nie) met jou naam en van daarby na: cristelle.hatting@oosterlig.co.za

Indien daar enige verdere vrae is, kontak asseblief vir my of Wikus (083-282-9229 / wikusbotha1@gmail.com).

Groete in Christus,

Anton Badenhorst

082-780-1408 / antonbadenhorst316@gmail.com